

Sondag 27 Mei

Skrifgedeelte: Jakobus 4:1-10

Fokusgedeelte: Jakobus 4:10

God verhoog ons op sy tyd, gaan lewe onderworpe aan God in nederigheid

Jakobus skryf aan die gelowiges en beskuldig hulle van die “selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in (hulle) woed” (vs 1). Is dit nie ook wat baie keer in meeste van ons se harte aangaan nie? Hoe kom ek dan daarvan los?

Jakobus sê dat hierdie “selfsugtige begeertes” tot drie dinge lei: erge rusies onder mekaar (vs 1-2), gebede wat nie opreg is nie en daarom oneffektief is (vs 2-3), en vriend-skap met die wêreld, wat vyandskap met God is (vs 4-5).

Jakobus roep hierdie gelowiges tot bekering. Hy gee vir hulle twee opdragte wat hulle (ook ek en jy) moet uitvoer om teen hulle hoogmoed en selfbevrediging te veg. Hy sê eers-tens dat hulle hul moet “onderwerp ... aan God” (vs 7). Hulle moet tweedens “nader tot God” (vs 8). Met vers 10 som hy op en sê: “Onderwerp julle in nederigheid voor die Here.”

Hoe kan ek nederig wees in 'n hoogmoedige wêreld? God se belofte is: Wees nederig en “Hy sal julle verhoog” (vs 10). Hierdie is presies die belofte waaruit Christus ook geleef het met sy koms na die aarde. Hy het nie vasgeklou aan die heerlike glorie wat Hy by die Vader gehad het nie, maar 'n mens geword – 'n slaaf geword om in jou plek te sterf. Die Vader het ook sy Seun tot die hoogste eer verhef en alles aan Hom onderwerp.

Jy kan vandag nederig, onderworpe aan God in die wêreld leef (soos Christus), want jy hoef nie jousef te verhef nie, God sal jou op sy tyd verhef.

Sing: Psalm 147:1, 2

Teologiese Student CJ (Jaco) Lemmer